



Die beste
Suid-Afrikaanse

Spook- Stories



Wendy Maartens



**Die beste
Suid-Afrikaanse**

Spook- Stories

Wendy Maartens
Illustrasies deur David Griessel

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

OceanofPDF.com

Die rooi os van Riebeek-Kasteel

In die Wes-Kaap is 'n dorpie genaamd Riebeek-Kasteel.

In die middel van die dorpie is 'n plein.

In die middel van die plein is 'n voetstuk.

In die middel van die voetstuk is 'n standbeeld van 'n os. 'n

Bloedrooi os met twee lang horings. Hy kyk oor 'n tralieheining na die hoofstraat. Asof hy vir iemand wag om op te daag.

Die dorp se mense is so gewoond aan die standbeeld dat hulle dit nie eens meer raaksien nie. Maar die ou mense vertel sodra dit donker word, begin die os beweeg. Eers knip hy sy oë, dan piets hy sy stert en skud sy kop 'n paar keer. Wanneer hy heeltemal seker is niemand kyk nie, klim hy van sy voetstuk af en begin straat vir straat deur die dorp stap.

Jare lank het niemand van die os se uitstappies geweet nie. Maar op 'n dag word 'n weduwee se seun siek. Die dokter besoek hom en skryf medisyne voor, maar dit help niks. Die vrou sit dag en nag langs die kind se bed terwyl hy yl van die koors. Partykeer is sy so moeg dat sy self aan die slaap raak.

Een donker nag toe die arme vrou juis ingesluimer het van moegheid, skrik sy meteens wakker.

Die seun sit regop in sy bed.

O, genadetjie tog, dink sy. My kind is besig om te sterf!

“Ek het 'n os gesien, Ma,” sê hy met 'n breë glimlag. “'n Rooi os nes die een op die plein! Hy het sy kop by die venster ingestee en my voorkop en hande gelek. Ek kan nou nog sy klam tong voel.”

“Toemaar, jy het net geyl,” stel die vrou hom gerus.

'n Paar dae later is die seun sterk genoeg om terug skool toe te gaan. Anders as gewoonlik stap hy eers by die plein verby. Hy staan lank na die os en kyk. "Dankie," sê hy oplaas en stap verder skool toe.

'n Paar weke later verdwyn die burgemeester se vierjarige dogtertjie. Om alles te kroon steek 'n storm op. Laat die nag word die soektog afgelas. Buite in die stormweer lê die meisietjie uitgeput onder 'n struik en slaap. Sy het van die huis af weggedwaal terwyl sy blommetjies gepluk het. Uiteindelik het sy heeltemal verdwaal.

By die huis is haar ouers siek van bekommernis. "Waar is ons dogtertjie in hierdie woeste nag?" huil haar ma.

Skielik hoor hulle 'n stamp teen die agterdeur.

"Dis seker net die wind," sê haar pa.


Toe hoor albei 'n stemmetjie bo die geloei van die storm: "Pappa, maak oop!"

"Dis ons kind!" roep haar ma.

Saam hardloop die twee na die agterdeur. Daar in die donker staan hul dogtertjie papnat en byna verkleum, maar ongedeerd.

"Hoe het jy die huis gekry?" wil hulle weet.

Toe vertel die kleintjie dat sy te moeg was om verder te loop. 'n Groot rooi os het by haar gekniel. Sy het op sy rug geklim. Hy het haar op sy groot, warm lyf tot by die huis gedra.



“Toe ek weer sien, toe staan ek voor die agterdeur en die os is weg,” sê sy verwonderd.

Sommer gou praat almal oor die os.

“Wie moet nou sulke bogstories glo?” wil party weet.

“Is die dorp se mense nou besig om gek te word?” wil ander weet.

Maar nie al die stories onder die son kan die os keer om nog goeie dinge te doen nie.

’n Boemelaar wat in ’n sloot onder ’n boom slaap, sien een nag hoe die stadsaal aan die brand slaan. Nog voor hy hulp kan soek, daag ’n yslike rooi os op. Die dier neem die dorpsklok se tou in sy bek en lui dit hard. Nie lank nie of almal hardloop met emmers water om die brand te blus.

“Het jy die brand gestig?” wil ’n kwaai man by die boemelaar weet.

“Nee, meneer,” antwoord die boemelaar. “Maar ek het gesien hoe ’n rooi os die klok lui tot hulp opdaag.”

“Ag, nie nog ’n osspook nie!” sê die man vies. “Ek is nie lus vir dronkstories nie.”

“Regtig, meneer,” antwoord die boemelaar. “Ek is so nugter soos môre heeldag.”

“En waar is jou dapper os nou?” wil die man weet.

“Daar op sy voetstuk,” antwoord die boemelaar.

Die kwaai man kyk eers vir die boemelaar en toe vir die os.

En toe knip die os vir albei oog.

Het jy geweet?

Engeland is glo die land met die heel meeste spoke ter wêreld. Daar is selfs varkspoke. In die bekende Marsham Tower is ’n spekvet otjiespook wat homself gate uit geniet wanneer hy besoekers skrikmaak.

Kan jy dit glo?

Spoke hou glo nie van varkspek nie. Dra ’n stukkie varkspek in jou sak as jy weer bang is om alleen in die donker te loop. (Moet dit net nie daar vergeet nie!) Spoke hou blykbaar ook nie van hoefysters nie. Veral nie as die hoefyster se oop kant na bo wys nie.

Hie-hie!

Wat het die een spook vir die ander spook gesê?

“Jy is so wit soos ’n laken!”

Klein Swaap en die spook

(met erkenning aan C.J. Langenhoven)

Neels Langenhoven was mal oor spoke. Klein spoke, groot spoke, ernstige spoke, lawwe spoke. 'n Spook het nog nie kans gehad om iewers kop uit te steek nie of Neels was op sy spoor. Net so vinnig as wat hy hulle probeer opspoor het, net so vinnig het hy alles neergeskryf. Maar dan moes dit wilde, woeste spoke vol avontuurlustige plannetjies wees.

Vir 'n vervelige spook het Neels nie ooghare gehad nie. Hy het dit verpes as spoke met dieselfde ou speletjie op dieselfde plek aanhou. “Hoe dom moet 'n spook nou eintlik wees om tagtig jaar aan dieselfde deur te klop en steeds te dink almal moet skrik?” wou hy altyd weet.

Nog iets wat Neels baie vies gemaak het, is spoke se voorbarigheid. “Hulle stap sommer enige tyd by enige plek in asof dit aan hulle behoort,” het hy gekla. “En dan bly hulle ook nog so lank as wat hulle wil – soms eeue lank. En dit sonder om huur te betaal!”

Volgens Neels is spoke lafaards wat daarvan hou om hul poetse op kinders en bangbroeke te probeer. Hier is 'n storie wat Neels oor 'n swaap en 'n spook neergeskryf het.

Baie lank gelede het daar net swape op aarde gewoon. Eendag daag daar onverwags 'n wyse man op. Hy deel sy wysheid met sy bure en hul kinders en almal wat hy teëkom. Omdat wysheid so aansteeklik is, is daar kort voor lank net twee swape oor: 'n pa met die naam Ou Swaap en sy seun, Klein Swaap.

Op 'n dag roep Ou Swaap vir Klein Swaap. “My tyd is besig om min te word, my seun,” sê hy. “Al is jy reeds aangetas deur hierdie nuwe gier wat hulle wysheid noem, is jy my enigste hoop. Dit is jou plig om ons swape se erfenis hier op aarde te laat voortleef.”

“Ek sal enigiets doen om Pa gelukkig te maak,” sê Klein Swaap. “Sê maar net. Dit is so goed soos gedoen.”

“Sorg dat jy 'n vrou kry en trou,” sê Ou Swaap. “En sorg dat jul kinders soos regte egte swape grootgemaak word. Sorg dat die verpesting van wysheid ver van hulle af wegbly. As hul dieselfde met hul kinders maak, en dié weer met húl kinders, dan behoort die wêreld dalk eendag op 'n reëndag weer aan die swape. Maar wees gewaarsku: Dit gaan harde werk kos. Die wysheid is verleidelik en die mensdom kies altyd die maklikste uitweg.”

“Ek sal my bes doen, Pa,” belowe Klein Swaap. “Een van die dae wemel die wêreld weer van die swape.”

Kort daarna is Ou Swaap met vrede in sy hart dood.

Maar om 'n vrou te kry is nie so maklik soos Klein Swaap gedink het nie. Hy begin skuldig voel. Die maande is besig om verby te vlieg en hy het nog nie sy belofte aan sy pa nagekom nie.

Een aand is daar 'n klop aan die deur. Dis 'n vreemdeling wat slaapplek soek. Klein Swaap nooi hom in. Die twee kuier land en sand. Nie lank nie of Klein Swaap vertel die vreemdeling van sy probleem.

“My liewe mens!” roep die vreemdeling uit. “Jou probleem is so te sê opgelos. Ek weet waar 'n baie mooi en gawe meisie bly. Leen vir my jou beste klere, jou motor en al die geld wat jy het en ek gaan haal haar vir jou. Jy verstaan tog dat ek nie met leë hande daar kan opdaag nie. Nie by 'n meisie met 'n skare vryers nie.”

“Alte seker!” sê Klein Swaap. “Al is ek ’n swaap, is ek nie so dom nie. Ek kan verstaan dat ’n mens nie sonder sulke dinge by so ’n oulike meisie kan opdaag nie.”

’n Paar dae later val die vreemdeling in die pad met Klein Swaap se klere en motor en geld. Die dae word weke en die weke word maande.

“So ’n vryery neem darem lank,” sug Klein Swaap. “Maar dis seker nie so ’n eenvoudige saak nie.”

Daardie aand is daar weer ’n klop aan die deur. Dis nog ’n vreemdeling wat slaapplek soek. Klein Swaap nooi hom ook in. Die twee kuier ook land en sand. Nie lank nie of Klein Swaap vertel hom ook van sy trouplanne. Al wat hy nou kan doen, is om te wag vir die bruid om gebring te word.

“My liewe mens!” roep die vreemdeling uit. “Jy sal hier sit en oud word. Daardie man is ’n bedrieër. Hy het self met die meisie getrou. Hoe kon jy die eerste die beste vreemdeling wat aan jou deur klop sommerso vertrou?”

Toe Klein Swaap dít hoor, bars hy in trane uit. Hy huil nie oor sy klere en motor en geld nie. Hy huil oor die belofte aan sy pa wat hy nog nie nagekom het nie. En hy huil omdat dit sy skuld sal wees as die swape uitsterf.

“Gelukkig is jou probleem so te sê opgelos,” sê die vreemdeling. “Ek weet waar ’n meisie bly wat mooier en gawer en ouliker as die eerste een is. Gee my jou beeste en skape en perde. En jou waens en implemente en die kontrak van jou plaas. Vóór jy kan sê ‘swaap’ bring ek jou bruid.”

’n Paar dae later val die vreemdeling in die pad met Klein Swaap se laaste besittings. Klein Swaap gaan sit in die pad en wag vir sy bruid om vir hom gebring te word.

Die dae word weke en die weke word maande.

Klein Swaap moet kos by verbygangers bedel om aan die lewe te bly.



Een aand kom daar 'n derde vreemdeling in die pad af. Dié is 'n spook, maar Klein Swaap is so desperaat dat hy nie omgee vir wie hy sy storie vertel nie. Die spook is so omgekrap vir Klein Swaap se part dat hy sy voorkop teen die grond kap.

Toe hy uiteindelik tot bedaring kom, vee hy die stof en klippies van sy bleek gesig af en sê vir Klein Swaap: “Jy sal hier sit tot jy ’n geraamte is! Daardie tweede vreemdeling is ook ’n bedrieër. Hy is self met die meisie getroud.”

Die slegte nuus is net een te veel vir Klein Swaap. Hy bars in trane uit en huil die spook se benerige skouertjie sopnat. Toe blaas hy sy neus in die spook se wit jas.

“Sies, man!” raas die spook. “Het jy nie maniere nie?”

Klein Swaap huil so dat hy niks hoor nie.

Toe Klein Swaap uiteindelik bedaar het, sê die spook: “Dis alles jou eie skuld. Jy het klaar jou les met die eerste vreemdeling geleer. En toe gaan maak jy sowaar dieselfde fout met die tweede een. Droog nou jou trane af. Alles sal regkom. Ek weet waar ’n meisie bly wat baie mooier en gawer en ouliker as daardie ander twee is. Ek sal haar vir jou gaan haal om mee te trou.”

“Maar ek het niks oor om vir jou saam te gee nie,” snik Klein Swaap.

“Ai tog,” sê die spook en skud sy kop. “Lyk ek vir jou soos ’n skelm? Ek wil niks van jou hê nie. Gee my net jou liggaam. Hoe anders dink jy gaan ek na die meisie vry?”

So is die spook daar weg met Klein Swaap se liggaam.

En vandag nog swerf Klein Swaap as ’n spook op en af in dieselfde pad waar hy tevergeefs vir sy bruid gesit en wag het.

Net af en toe hoor ’n eensame reisiger hom huil omdat daar nie meer een enkele swaap op aarde oor is nie. Of is daar?

Het jy geweet?

Spoke is glo bang vir hiënas. Hulle is na bewering ook bang vir vlieërs met dierepatrone op – veral voëls en drake.

Kan jy dit glo?

Moet nooit omkyk as 'n spook jou jaag nie – jou kop sal glo so agterstevoor bly staan!

Hie-hie!

Waar doen spoke graag inkopies?

Boe-tieks!

OceanofPDF.com

Die ongenooide gas

Hilary Spence is baie bly om weer tuis te wees. Die vakansie in Engeland was lekker. Maar niks is so lekker soos om in jou eie bed te slaap, jou eie boeke te lees en met jou eie hond te speel nie. Terwyl sy uitpak, dink sy aan 'n spesiale plek om die oulike porseleinhuisie te sit wat sy by haar tannie present gekry het. Dis stokoud en jare lank in die Spence-familie. Hilary voel baie spesiaal omdat haar tannie dit vir haar gegee het.

Uiteindelik besluit sy om die huisie op die vensterbank in die kombuis te sit. Sy wil elke dag daarna kyk.

Hilary lig die dakkie op wat soos 'n dekseltjie werk. Binne-in is 'n klomp stokou seëls. Sy besluit om die seëls net so te los.

Ná 'n paar dae voel Hilary kriewelrig. Die kombuis is skielik baie kouer as die huis. Boonop weet sy nie of sy haar verbeel nie, maar sy sien kort-kort 'n skaduwee.

Ag, ek is sommer laf! dink sy.

'n Paar aande later is sy besig om skottelgoed te was, toe 'n lang, deftige man by die kombuis instap. Hy het 'n outydse pak klere aan en 'n keil op sy kop.

Hilary skrik haar boeglam. Die man stap verby haar en dwarsdeur die kombuisdeur! Toe verdwyn hy net so vinnig as wat hy verskyn het.

Hilary bel haar dogter, Billie. Dié is mal oor spoke en kom dadelik. Die twee vroue besluit dat die spook iets met die ou porseleinhuisie te doen móét hê. Toe Billie vertrek, neem sy die huisie saam.

Kort voor lank is dieselfde skaduwees ook in haar huis ... saam met voetstappe op die trap. Toe Billie haar oë uitvee, daag dieselfde lang, deftige man met die outydse pak klere ook by haar op.



Dalk hou hy nie van die klomp seëls in die huisie nie, dink sy en haal dit uit. In plaas daarvan probeer sy eers penne en potlode, maar die ongenooide kuiergas bly treurig. Toe probeer sy geld, maar sy lip is

steeds lank. Later sit sy selfs koekies in die huisie, maar nie eens dít laat hom beter voel nie.

Uiteindelik besluit Billie om die huisie leeg te los.

Skielik is die ongenooide kuiergas weg.

“Dalk is hy gelukkig omdat hy nou die hele huisie vir homself het,” lag Billie toe sy die storie later vir haar ma vertel.

Nie een van die twee vroue het nog ooit weer las van die ongenooide kuiergas gehad nie. Nie so lank as wat die porseleinhuisie leeg is nie.

Het jy geweet?

In ons land is daar spoke wat deur die jare al so bekend geword het dat hulle regte name het. Een van hulle is Langkappie. Sy is ’n vrou met ’n lang kappie wat byna 200 jaar gelede reeds aan die Voortrekkers in die Vrystaat verskyn het.

'n Spooklig in die pad

Daar is baie stories oor mense wat vreemde ligte in die pad sien skyn terwyl hulle iewers heen ry. Partykeer lyk dit soos motorligte. Ander kere lyk dit meer soos 'n vuurbal. Hierdie ligte word gereeld in die omgewing van Beaufort-Wes en Prins Albert gesien.

Partykeer hou mense voet by stuk daar is 'n ou man met 'n baard binne-in die ligbal. Hulle noem die lig die Wandelende Jood, omdat daar jare gelede in die omgewing 'n ou Joodse smous was.

Almal het die ou man geken. Hy het met sy perd en waentjie van plaas tot plaas gery om allerhande goed te verkoop – van materiaal, naalde en gare tot koppies en pierings en potlode. Partykeer het hy botter en eiers op die een plaas gekoop en dit weer op die volgende plaas verkoop. Daar waar die ou smous uitgespan het, het hy gewoonlik saam met die familie geëet en in die buitekamer oornag. Die volgende oggend vroeg het hy na die volgende plaas vertrek.


Die kinders kon nie wag dat die smous opdaag nie. Hy het altyd suikerklontjies in sy sak gehad – iets wat daardie dae so skaars soos hoendertande was. Boonop het hy die mooiste stories vertel. Partykeer was hy sommer ook posman. Dan het hy 'n brief of 'n boodskap by 'n volgende plaas afgelewer.

Die ou Wandelende Jood moes 'n vreedsame skepsel gewees het. Behalwe dat die mense aan wie hy verskyn, hulle boeglam skrik, het hy niemand nog ooit skade aangedoen nie.

Die mense van die omgewing steur hulle ook nie regtig meer aan hierdie stories nie. Al wat hulle sê is: “O, die ou smous is al weer lus vir

saamry!”

Vragmotorbestuurders wat die lang, eensame pad deur die Karoo ry, vertel graag van hul ontmoeting met spookligte soos die Wandelende Jood. Partykeer sien hulle die ligte in die truspieëltjie en dink dis 'n ander motor wat die vragmotor wil verbysteek. Partykeer verdwyn die ligte terwyl dit nog besig is om die vragmotor verby te steek.



Ander kere lyk dit weer soos motorligte wat van voor af naderkom. Sodra die bestuurder sy ligte domp, verdwyn dit op 'n onverklaarbare manier. Partykeer lyk dit of die motor afdraai. Dis net vreemd dat daar op daardie plek geen afdraaipaaie is nie. Soms is die bestuurder so bekommerd dat die ander motor in 'n ongeluk betrokke was, dat hy stop om die wrak te soek ... net om dan niks behalwe Karoobossies in die maanlig te kry nie.

Een vragmotorbestuurder het hom boeglam geskrik toe 'n stem skielik uit die bloute roep: "Kom ons ry saam met hom!" Kompleet asof mense langs die pad vir hom gestaan en wag het.

Die petroljoggies wat in daardie omgewing werk, is ook al gewoond aan motoriste wat asvaal van die skrik daar aangejaag kom en spookligstories vertel. Hulle luister alte graag. Maar niemand wil saamry om te gaan kyk nie.

Dalk mis die ou Wandelende Jood die mense by wie hy destyds gesmous het.

Dalk het hy 'n brief wat hy by jou wil aflewer.

Of dalk soek hy maar net iemand om sy suikerklontjies mee te deel ...

Het jy geweet?

Spookligte word soms in moerasse gesien. Dit word veroorsaak deur verrotte plante wat gas afskei en vanself aan die brand slaan. Hierdie spookligte word dwaalligte genoem.

Kan jy dit glo?

As 'n spook jou jaag, moet jy glo 'n bossie uittrek en dit met die wortels in die lug neersit. Die spook sal hom so daaraan verwonder dat hy skoon van jou vergeet!

Hie-hie!

Hoe maak spoke melkskommel?

Hulle bekruip 'n glas melk en skree: “Boe!”

OceanofPDF.com

Die spook wat nie gesteur wil word nie

John Murray was 'n slim maar brandarm Skot.

Hy het in die 1880's vir die skatryk Sammy Marks as transportryer begin werk. Sy taak was om swaar masjiene met 'n wa en osse van die Durbanse hawe na die myne te karwei.

Al was Sammy Marks skatryk, het hy baie respek vir die flukse John gehad. Hy het geweet hoe dit is om arm te wees. Hy het self as jong man met niks uit Litaue gevlug en baie hard gewerk om een van Suid-Afrika se suksesvolste mynbase te word.

John was 'n regte boekwurm en kon interessant oor enigiets onder die son gesels. Gou was die brandarm transportryer en die skatryk mynbaas goeie vriende. Sammy het hom later genooi om in sy deftige huis, Zwartkoppies Hall, buite Pretoria te kom bly.

John se transportryerdae was vir altyd verby. Hy was nou Sammy se boekhouer en assistent. Hy het sy eie kamer gehad en kon enigeen van die ander luukse vertrekke na hartelus gebruik. Boonop kon hy doen wat nog altyd vir hom die lekkerste was ... lees. Dit was sy werk om te sorg dat Sammy op die hoogte van alles in die mynbedryf was.

Ongelukkig het alle mooi stories 'n einde. John Murray sterf gedurende 1905 in Zwartkoppies.

'n Bietjie meer as 80 jaar later is Zwartkoppies Hall gerestoureer en tot museum verklaar.

Maar nie sonder 'n kinkel in die kabel nie ...


Werkers het skielik geweier om ná donker in die huis te gaan. Hulle het vas geglo dit spook daar. Om alles te kroon was daar groot

konsternasie toe 'n kelnerin kla dat 'n voorbarige spook haar aan die boud geknyp het!

Ook die museumpersoneel het vertel van vreemde dinge wat gebeur, soos deure wat vanself toegaan of kamers wat skielik grillerig voel. Veral John Murray se kamer het hulle laat kopkrap. Die deur het nes al die ander kamers in die huis altyd oopgestaan. Skielik het hulle agtergekom dat die deur party dae toe was. Sodra dit oopgemaak word, het dit weer op 'n onverklaarbare manier toegegaan. As hulle dan by die kamer instap, het dit yskoud gevoel.

Nadat dit oor en oor gebeur het, het hulle twee en twee bymekaargesit.

“Dalk is John Murray besig om te werk en wil hy nie gesteur word nie,” het een van die werkers voorgestel. Die res het saamgestem.



Van toe af het hulle besluit om John Murray se spook nie te pla as die kamerdeur die dag toe was nie. So 'n flukse spook verdien om rustig te werk.

Of hy steeds 'n salaris verdien, sal ek nou nie kan sê nie. Gaan besoek gerus die plek en vra sommer self vir John Murray ... sorg net dat hy nie die deur agter jou toemaak nie.

Het jy geweet?

In Somerset-Wes word daar jare lank al stories oor Bloubaard en Witkeil vertel. Hulle het glo nie ooghare vir ongehoorsame kinders nie en reken sommer in 'n japtrap met hulle af.

Hie-hie!

Op 'n winderige aand speel 'n paar spoke kaart. Skielik maak 'n ander spook die deur oop en almal se kaarte waai deurmekaar. “Ag nee, man!” raas een van die spoke. “Kan jy nie soos enige normale spook deur die sleutelgat kom nie?”

As Woefie spook ...

Daar is duisende stories oor spookhonde.

Swart honde en wit honde. Piepklein brakkies en reusehonde met pieringoë wat rooi in die donker gloei.

Al lyk die honde verskillend, het hulle glo dieselfde gewoontes. Hulle is lief vir brûe en plekke naby die see. En hulle draf graag heen en weer op dieselfde paadjies.

Gewoonlik pla spookhonde niemand nie. Net nou en dan werk hulle op iemand se senuwees. Dan kry die persoon 'n spookvanger.

Al probleem is dat so 'n spookwoef hom nie sommer laat vang nie. Veral nie as hy na hartelus op enige plek kan verskyn of verdwyn nie. Meestal moet die arme spookvanger ná 'n groot gesukkel met leë hande en 'n leë beursie sy ry kry.

Suid-Afrika het ook 'n hele paar spookhonde. Een van hulle is spierwit met 'n lyf soos 'n skaaphond en 'n gesig soos 'n wolf. Hy woon in 'n kloof op die plaas Dronkfontein naby Aliwal-Noord.

Salomon Saul is een van die mense wat hierdie hond al gesien het. Hy het so vinnig weggehardloop dat hy homself amper verbygesteek het.

'n Ander persoon wat die spookhond gesien het, is Wynand Pienaar. Hy en sy pa, Wouter, het een aand in hul bakkie gery. Sy pa het by 'n plaashek gestop en Wynand het uitgeklim om dit oop te maak. Toe hy sy oë uitvee, staan die hond reg langs hom. Wynand het nie eens die deur oopgemaak nie, hy het sommer deur die bakkie se oop ruit geduik.

'n Plaaswerker het ook die spookhond gesien terwyl hy in 'n stroompie gebad het. Die hond was so naby dat die werker amper sy snorbaarde kon voel. Hy het sy klere net daar gelos en poedelkaal huis toe gehardloop.



Teen daardie tyd was almal in die omgewing bang vir die spookhond. Niemand wou meer in die kloof kom of die pad daar naby gebruik nie.

So kan dit nie aangaan nie, het Wouter besluit en spookvangers laat kom. Die spookvangers het saamgestem dat daar beslis iets vreemds op die plaas aan die gang was.

“Moenie bekommerd wees nie,” het hulle gesê. “Ons maak in ’n japtrap ’n plan met daardie brak!”

Die spookvangers het alles onder die son probeer. Maar die spookhond het elke keer snuf in die neus gekry. Op die ou einde het hulle niks meer as arms vol wind gevang nie.

Toe hulle uiteindelik van die plaas af wegry, het die spookwoef platgelê soos hy agter hul motor aangehardloop het ... ure lank.

Hy het seker iewers gehoor regte honde jaag soms motors. Al wat hy nie geweet het nie, was dat regte honde ná ’n rukkie omdraai.

Het jy geweet?

Spoke is glo bang vir water en sal nie sommer ’n rivier of sloot oorsteek nie. Daar is ook sekere goed wat ’n spook nie kan doen nie, soos om ’n verborge skat op te grawe. Daarom is ’n spook partykeer op soek na iemand om hom te help. Sodra hy sy helper gevind het, sal hy die persoon eers met die hand groet.

Hie-hie!

Waarop ry spoke graag?

Nagmerries

Sir Lowryspas se padvark

Die Hottentots-Hollandberge naby Somerset-Wes in die Wes-Kaap het in Jan van Riebeeck se tyd al vir groot kopsere gesorg. Niemand aan die Kaapse kant kon om die berg stap of ry nie omdat die afgronde tot in die see gestrek het. Om bo-oor te reis was amper net so onmoontlik. Die paar Kapenaars wat destyds dapper genoeg was om die wildernis anderkant die fort te verken, het elke keer net gevorder tot waar Gordonsbaai vandag is. Dan het hulle hulself in die berg vasgeloop en moes hulle druipstert omdraai.

Jare later het spanne osse die eerste ossewaens oor die berg gekry. Maar nie sonder bloedsweet nie. Op sommige plekke het die osse so gesukkel dat die sleepmerke nog altyd op die klippe gesien kan word.

Uiteindelik is 'n nuwe pad gebou. Dit is in 1830 geopen en na die Kaapse goewerneur, sir Lowry Cole, vernoem. Saam met 'n nuwe bergpad kom ook allerhande nuwe stories. Nie net oor mense en motors nie, maar ook oor spoke.

Een van Sir Lowryspas se bekendste spoke het jare gelede in 'n spoggerige swart Buick gery en hy was haastig. So haastig dat hy nie vir sy eie lewe of ander se lewe omgee het nie ... 'n regte padvark. En soos dit dikwels met padvarke gebeur, het hy verongeluk.

Sir Lowryspas se padvark het teen 'n ander motor gebots en albei het oor 'n afgrond verdwyn. Moenie dink die padvark het sy les geleer nie. Die volgende maanligaand sit hy weer voet in die hoek om presies dieselfde dom ding te doen.

'n Inwoner van Hawston is een van die min mense wat die padvark in sy spoggerige swart Buick al gesien het. Maar dis nie al nie. Hy het glo ook daarin gery! Wat presies daardie aand gebeur het, kon niemand verduidelik nie. Nie eens hyself nie.

Dit was lank gelede op 'n maanligaand. Die man het naby Hermanus langs die pad gestaan en vir 'n bus gewag. Uiteindelik het 'n swart Buick langs hom gestop. Hy het die bestuurder gevra hoe ver hy van plan was om te ry. Die bestuurder het nie geantwoord nie, maar net na die agterste sitplek beduie. Die man was nie lus om langer vir die bus te wag nie. Sonder om twee keer te dink het hy ingeklim en saamgery.



Die bestuurder het baie vinnig gery. So vinnig dat die man homself kon skop. *Hoe kon ek so dom wees om in hierdie kar te klim?* het hy benoud gedink terwyl die pad verbygevlieg het.

Elke keer as die bestuurder 'n draai aan die verkeerde kant gesny het, het die arme ryloper sy oë toegeknyp. Wanneer sy oë wel oop was, het hy die persoon in die bestuurdersitplek dopgehou. Die stil figuur het nie

'n oog geknip nie en ook nie gepraat nie. Selfs nie eens toe die man weer vra hoe ver hy van plan was om te ry nie.

Nie lank nie of die swart Buick het die kronkelpad tot bo-op Sir Lowryspas uitgevlieg. Daar ver onder het Gordonsbaai en die Strand se liggies gelê.

Hy sal seker nou stadiger ry, het die man gehoop. In sy gedagtes het hy al die gevaarlike draaie gesien wat nog bergaf op hulle gewag het. Maar die swart Buick het net vinniger en vinniger gery.

Skielik was daar twee helder ligte reg voor hulle in die pad. Dit was 'n ander motor wat in die teenoorgestelde rigting onderweg was. Al wat die man kon onthou, was 'n oorverdowende slag. Die volgende oomblik het hy ongedeerd langs die pad gestaan. Die twee motors het oor die rand van 'n afgrond verdwyn.

Die arme man was so geskok dat hy nie kon beweeg nie. Hy het net na die plek gestaar waar die motors verdwyn het. Terwyl hy nog so gestaan het, het twee fietsryers by hom gestop. Hulle kon sien daar was groot fout.

Nadat hulle die geskokte man gekalmeer het, het hy sy moed bymekaargeskraap en vertel wat gebeur het. Tot sy verbasing het die mans geweet van 'n ongeluk wat 'n tyd gelede op dieselfde plek plaasgevind het. En een van die motors wat in die ongeluk betrokke was, was 'n swart Buick met 'n roekelose bestuurder.

Nou was die man éérs bang. Gelukkig het die twee fietsryers aangebied om saam met hom tot by Sir Lowryspas Village, aan die voet van die pas, te stap. Daar het vriendelike inwoners vir hom sterk koffie gemaak en vertel dat hy nie die enigste mens is wat al gesien het hoe die swart Buick oor die afgrond stort nie. Maar hulle het nog nooit van iemand gehoor wat saamgery het nie.

Een ding is so seker as wat padda manel dra: Van toe af het hy onthou dat sy ma hom kleintyd al geleer het 'n mens klim nóóit by 'n vreemdeling in 'n motor nie!

Die padvark is nie die enigste spook op Sir Lowryspas nie.

Glo dit of nie, ongeveer 70 jaar gelede was daar reg bo by die uitkykpunt 'n teekamer. Die gewilde kuierplek se naam was die Summit Tea Room. Sondae het mense graag van heinde en ver gery om tee en botterbroodjies met room en aarbeikonfyt te eet en die uitsig te geniet.

Wat die gaste van die Summit Tea Room nie altyd geweet het nie, was dat die kruin 'n wrede plek kan wees. As die suidoostewind waai, kan jy skaars op jou voete staan. As daar 'n bergbrand woed, is daar min wat enigiemand kan doen om die vlamme te keer. Om alles te kroon was daar nie lopende water nie. Elke druppel moes al die pad van die treintonnel aangery word.

Die moeilike lewe daar bo in die berg het te veel geraak. Die eienaar is oorlede. Die teekamer het toegemaak en sy vrou en kinders het weggetrek.

Die gebou het jare lank in die wind en weer gestaan. Niemand het weer kans gesien om die teekamer tot sy volle glorie te herstel nie. Een oggend in die 1960's het die plek onverklaarbaar aan die brand geslaan. Teen die middag was net die klipfondamente en 'n hoop as oor.

Ná meer as 50 jaar weet min mense dat daar ooit 'n teekamer op Sir Lowryspas was. Net nou en dan verskyn 'n eensame figuur op die parkeerterrein by die uitkykpunt. Party mense sê hy dwaal met 'n skinkbord vol tee en botterbroodjies rond.

Dalk wag die eensame figuur op iemand om hom te help om die Summit Tea Room te herbou sodat reisigers oor die gevaarlike kruin 'n plek het om 'n blaaskans te vat.

Dalk wag hy vir jou ...

Het jy geweet?

'n Sielkundige met die van Raudive het duisende stemme op band opgeneem. Hy het geglo dit is spookstemme. Die stemme het soms alleen en soms deurmekaar in verskillende tale gepraat. Navorsers wat met die opnames gewerk het, het 'n hond gebruik om hulle te help. Sy naam was Rufus. Hy moes vir hulle wys wanneer een van die spookstemme begin praat, omdat hulle dit nie altyd kon hoor nie.

Hie-hie!

Watter soort spook is gek oor dans?

Die boogieman!

'n Spook in pajamas?

Party mense sê spookstories is sommer bog. Ander hou weer voet by stuk dis die reine waarheid. Hulle raak ook lelik omgekrap as jy nie met hulle saamstem nie.

Een ding is so seker soos padda manel dra: Sommige plekke en geboue is so grillerig dat mense nie kan help om stories daaroor op te maak nie. Sodra stories lank genoeg aanhou, weet niemand meer of dit die waarheid is of nie. Dan kry so 'n plek 'n reputasie as 'n “spookhuis”.

Een so 'n plek is Erasmuskasteel naby Pretoria. Dié pragtige ou huis met sy torinkies is meer as 'n honderd jaar oud.

Dit wemel glo van die spoke. Nie net een of twee nie, maar sommer drie. Party nagte is hulle glo so bedrywig dat daar 'n stryery is oor wie eerste en wie laaste moet spook.

Daarom het die spoke besluit om beurte te maak. Maandae, Woensdae en Vrydae spook die oudste, en Dinsdae en Donderdae spook die middelste. Saterdag spook die jongste. En Sondag spook almal saam – Sondag is mos darem 'n familiedag.

Die spookstories het begin ná skinderstories dat twee of drie van die Erasmus-kindere jare gelede in die grootste toring toegesluit is omdat hulle melaatsheid opgedoen het.

Melaatsheid is 'n siekte wat jou gesig en jou ledemate vermink.



Toe 'n spookfiek jare later daar verfilm word, was dit so reg in die kraal van almal wat wou hê daar moes spoke in die ou huis wees.

Die laaste lid van die Erasmus-familie is in 1976 oorlede.

Daar is toe besluit om 'n reuse-hospitaal te bou op die stuk grond waar die huis staan. Van hierdie planne het niks gekom nie.

Erasmuskasteel het vyftien jaar lank leeg gestaan. Vyftien jaar waarin nog spookstories oor die groot, leë plek kon uitbroei!

Uiteindelik lyk dit of daar net twee keer iets soos 'n spook in Erasmuskasteel gewaar is.

Die eerste keer het die brandweer 'n brand naby die leë huis geblus. Skielik het 'n gedaante in 'n lang wit naghemp benoud op die stoep begin rondhardloop.

Die ander keer was in 1992 toe 'n partytjie in die nuut opgeknapte huis gehou is en 'n gas 'n vrou in 'n lang, outydse rok gesien het.

Die gedaante in die lang wit naghemp was toe al die tyd die ou dowe nagwag wat die leë huis opgepas het. Hy het hom boeglam geskrik toe hy wakker word en die klomp brandweermanne om die huis gewaar.

Oor die vrou in die lang, outydse rok moet jy maar self besluit ...

Het jy geweet?

As jy graag 'n spook wil sien, moet jy glo oor die linkerskouer kyk van iemand wat al 'n spook gesien het. Dit help glo ook om tussen die ore van 'n skimmelperd deur te kyk.

Kan jy dit glo?

As 'n spook jou klap, bly sy vingermerke glo vir altyd op jou wang sit.

Hie-hie!

Hoekom het die spook met net een hand oor die straat gestap?

Om by die tweedehandse winkel te kom!

Die heks van Hexrivier

Daar is baie stories oor waar die Hexriviervallei naby De Doorns in die Wes-Kaap sy naam gekry het. Party mense sê dis omdat die vallei die poort of hek tot die Klein Karoo is. Ander sê weer dit gaan oor twee riviere wat mekaar in die vorm van 'n X kruis. En dan is daar die storie oor die heks van Hexrivier.

Omtrent 250 jaar gelede het 'n boer met die van Meiring op die plaas Buffelsfontein geboer. Hy het 'n dogter, Eliza, gehad. Sy was baie mooi. Die jong mans van die vallei het die een ná die ander gekom om haar te vra om te trou.

Nadat almal afgejak is, het jong mans van heinde en ver gekom om haar te probeer ompraat. Maar tevergeefs. Eliza het net haar mooi neusie in die lug gestee en gesug. Dan het sy hulle duidelik laat verstaan dat sy vir 'n veel flukser, ryker en aantrekliker man wag.

Eliza se familie was later moedeloos.

“Jy sal 'n plan moet maak, Eliza,” het haar pa gewaarsku. “Dit kan nie so aangaan nie. Kies nou en kry klaar!”

Teen hierdie tyd was ook die kontrei se mense vies vir Eliza omdat sy goeie jong mans wat sy al van haar kinderdae af geken het, so sleg behandel het.

Toe beraam Eliza 'n plan. Net die jong man wat dapper genoeg sou wees om die gevaarlike Matroosberg se hoogste piek te trotseer, het 'n kans gestaan. Maar dit was nie al nie. Hy moes boonop vir haar 'n nuwejaarsblom, wat ook die disa genoem word, saambring.

Die een ná die ander het die jong mans die hasepad gekies. Almal het geweet hoe skaars die rooi disa is en teen watter gevaarlike afgronde dit groei.

Al was Eliza ook hóé mooi, was dít darem net te veel gevra.

Op 'n dag kom 'n jong boer op die plaas aan.

Eliza kan sommer aan sy spoggerige onderbaadjie en skimmelperd se trippelgang sien dat hy anders as al die ander jong mans is.

Mettertyd vind sy uit dat hy nie net aantreklik is nie, maar ook ryk, dapper en sterk. En al kan hy hordes werkers bekostig, skrik hy nie vir harde werk nie. Boonop is hy altyd vrolik en vol grappies.

Eliza hou sommer dadelik van hom.

Boonop spring haar ma, wat nie kon wag dat haar mooi dogter trou nie, dadelik aan die werk om 'n trourok van die allermooiste kant te maak.

Maar in plaas daarvan om die jong man goed te behandel, haal Eliza sommer gou weer haar streke uit.

“As jy regtig vir my lief is,” sê sy vir hom, “sal jy die hoogste, gevaarlikste krans uitklim om vir my 'n rooi disablom te pluk. So nie kan jy maar daarvan vergeet om met my te trou.”

Soos altyd staan Eliza se ma op die stoep en afluister. En soos altyd wag sy dat die jong man, soos al die ander voor hom, die hasepad kies.

Maar nie hierdie jong man nie.

Hy klim rustig op sy spogperd en ry tot aan die voet van die gevaarlike kranse waar die rooi disa groei. Toe begin hy klim terwyl hy die mooiste lied vir Eliza sing wat daar ver onder vir hom staan en wag.

Die dapper jong man klim hoër en hoër totdat hy amper aan 'n pragtige disa raak wat op die rand van 'n diep afgrond groei.

Eliza kan nie help om te dink dat sy regtig vir die dapper jong man lief geword het nie.

Meteens besef sy hoe onregverdig sy was.

Op daardie oomblik leun hy oor die afgrond om die rooi disa te pluk en die grond verkrummel onder sy een voet.

Eliza dink hy gaan oor die afgrond stort, gil en hou haar hande oor haar oë. Sy weet maar alte goed dat sy vir sy dood verantwoordelik sal wees.

Gelukkig kry hy weer rats vastrapplek en pluk uiteindelik die kosbare blom.

Eliza huil van dankbaarheid en wag dat hy moet opkyk sodat sy vir hom kan waai.

“Ag, as hy tog maar net veilig terugkom, sal ek al my nukke en grille los en die res van my lewe die beste vrou in die wêreld wees!” prewel sy. Maar dit is te laat. Terwyl sy kyk, verkrummel die grond onder sy ander voet.

Die jong man stort met die disa in sy hand oor die afgrond terwyl hy vir oulaas Eliza se naam uitroep.

Eliza se hart was stukkend. Snags het sy op en af geloop en die jong man se naam geroep.

Een nag, terwyl almal slaap, het sy uitgeglip. Sy het self op die piek gaan staan waar die grond onder sy voete verkrummel het. Sy het self aan die gebreekte steel van die disaplant gevat waar hy die blom vir haar gepluk het. Uiteindelik het sy, net soos hy, oor die afgrond gestort.

Die volgende oggend het die plaasmense haar liggaam aan die voet van die krans gekry.

Vandag nog dwaal Eliza glo op maanligaande in die klowe. Sy soek na die man wat sy regtig liefgehad het.



Party mense sê dit lyk asof sy 'n trourok aanhet waarvan die sluier agter haar aansweef. In haar hand is die disablom wat haar geliefde nooit vir haar kon gee nie.

Ander sê weer haar geroep en gehuil klink soos 'n loeiende wind, selfs al roer daar nie 'n blaartjie nie.

Tot vandag toe is bitter min mense jammer vir Eliza. Hulle sê: "Hoogmoed kom altyd tot 'n val!" Party fluister selfs dat sy 'n heks was

wat min vir ander mense omgee het.

En die rooi disa?

Dié mooie blom wat oor Nuwejaar blom, is steeds net vir mense beskore wat nie bang is vir hoogtes ... of die heks van Hexrivier nie.

Het jy geweet?

Spoke kan nogal aspris wees. 'n Groepie mense het in 'n ou huis bymekaargekom om te sien of stories oor 'n spook wat met kos mors waar is. Een van hulle was 'n polisieman. Die spook het hom heel eerste met 'n blok botter in die gesig gegooi!

Kan jy dit glo?

As jy ooit te perd by 'n spookhuis verbyry, is dit 'n goeie plan om af te klim en hande-viervoet agterna te draf. Die spook sal dan dink jy is die vulletjie en jou met rus laat.

Hie-hie!

Hoekom is dit so moeilik vir 'n spook om te jok?

'n Mens kan dwarsdeur sy plannetjies sien!

As dit klop-klop gaan ...

Spoke het ook nukke en grille, nes ons. Maar het jy al van die spook gehoor wat toktokkie speel?

Margaret Leigh en haar man het in die 1950's al die pad uit Engeland gekom om by 'n sendinghospitaal in die Oos-Kaap te werk. Dit is presies waar hulle die einste spook sou ontmoet.

Die Leighs het in 'n kliphuisie met 'n grasdak gewoon. Aan die begin het die spook hom glad nie aan die nuwe intrekkers gesteur nie. Tot een mooi dag terwyl Margaret met haar kat gespeel het.

Skielik het iemand aan die deur geklop. Die kat het geskrik en gaan wegkruip. Al was dit vir Margaret baie vreemd, het sy opgestaan om te gaan kyk. Maar die kuiergas was skoonveld.

Sy en die kat het net weer lekker begin speel, toe is daar weer 'n klop aan die deur. Toe Margaret die deur oopmaak, was daar wéér niemand.

Mettertyd het die spook so lastig geraak dat die Leighs hulle nie meer aan hom gesteur het nie. Net hul kuiergaste was baie bang vir die onsigbare laspos. Hulle kon nie hul tee vinnig genoeg wegsluk en groet nie.

Uiteindelik was die spook moeg daarvoor om op die stoep te bly staan.

Op 'n dag het hy homself ingenooi en na die rusbank geskuifel. Daar het hy tussen die kussings neergeplons en 'n rukkie bly sit. Uiteindelik het hy opgestaan, na 'n ingeboude kas geskuifel en weer op die rusbank gaan sit.

Die Leighs het die mense in die omgewing van die spook vertel.

“O, dis Neef John!” het hulle gelag. “Hy was die neef van ’n man wat voorheen in die huis gewoon het. Neef John sal nie ’n vlieg seermaak nie. Sy enigste probleem is dat hy baie lief vir die bottel was. Hy het sy drank in die ingeboude kas gebêre. Sy vrou het dit nie naby die kas gewaag nie. Hy het vir haar gesê daar is ’n byenes in!”

Van toe af het die Leighs en Neef John rustig saamgewoon. Net die kloppery wou nie ophou nie. Om die waarheid te sê, toe Margaret swanger word, het dit net erger geword. Nadat die baba gebore is, het dit skielik heeltemal opgehou.



Kort daarna was die Leighs se werkskontrak by die hospitaal verby. Dit was tyd om van Neef John afskeid te neem en terug te keer Engeland toe.

Toe hulle drie jaar later kom kuier, was dit glad nie nodig om die nuwe inwoners van Neef John te vertel nie. Hulle het reeds sy manewales geken ... ook sy toktokkie-spelery. Al wat hulle nog nie geweet het nie, was dat hulle oor nege maande ook 'n baba sou hê. En

dat Neef John net so bly soos hulle sou wees, omdat hy en sy vrou self nooit kinders gehad het nie!

Het jy geweet?

Ingenieurs het jare gelede die oorspronklike London Bridge oor die Teemsrivier in Engeland afgebreek. Dit is in Arizona in die Verenigde State van Amerika herbou. Daar was net een probleem ... Niemand het London Bridge se spoke se toestemming gevra nie. Hulle het glad nie van die gepeuter aan die brug gehou nie en besluit om saam te trek. Nou verskyn hulle gereeld by die nuwe brug in Arizona!

Kan jy dit glo?

Sommige spoke hou skynbaar daarvan om afgeneem te word. Die fotograaf weet nie eens hy neem 'n spook af nie. Eers wanneer daar agterna na die foto's gekyk word, kan 'n mens die spook sien.

Hie-hie!

'n Man vat kortpad deur 'n begraafplaas. Hy is baie skrikkerig. Gelukkig sien hy iemand voor hom stap en voel dadelik beter. Hy haal die persoon in en begin gesels. "Ek hoop nie hier is spoke nie," sê hy. "Nee wat," antwoord die vreemdeling. "Ek woon al 200 jaar hier en het nog nooit een gesien nie."

Ou Blinkmeneer kom weer!

William Smith het perde geken. Só goed dat sommige mense gedink het hy is 'n sigeuner. Hulle het ook gewonder of “William Smith” nie dalk 'n skuilnaam is nie. Maar die kalant het hom min gesteur aan wat mense sê. Al waarmee hy hom besig gehou het, was om perde te steel.

Wanneer hy in die tronk beland het, was dit ook nie vir lank nie. William het byna altyd ontsnap. Vra maar vir die mense van George en Kaapstad, waar daar vandag nog stories oor sy ontsnappings vertel word.

Selfs die goewerneur het van sy streke geweet. Hy het, vreemd genoeg, toestemming gegee dat die ou skelm in die destydse Kaapkolonie kon aanbly. Hoekom die vername man so iets sou doen, weet niemand nie. Dalk het William hom om sy pinkie gedraai om te keer dat hy na die Ooste gestuur word waar hy niemand ooit weer sou kon verkul nie.

William Smith het nie net 'n gladde mond gehad nie – hy was ook 'n aantreklike man met 'n bos pikswart hare en 'n parmantige baardjie. Boonop was hy lief daarvoor om sy lyf blinkmeneer te hou. Sy gunstelingklere was 'n deftige blou molvelbroek en 'n gestreepte onderbaadjie. Daarby het hy 'n blou mantel en 'n spoggerige hoed gedra.



Hy was ook nie skaam om te spog nie. As 'n boer in die distrik duisend beeste gehad het, dan het William Smith kastig dubbeld soveel gehad. As iemand by 'n neef in Engeland gaan kuier het, dan het William Smith kastig by die koningin van Engeland gaan kuier. En as iemand diamante by 'n delwer gekoop het, het William Smith sommer die hele myn gekoop.

Hierdie spoggerigheid het hom baiekeer uit die moeilikheid gehelp. Veral as sy agtervolgers na 'n verflenterde skelm in plaas van 'n blinkmeneer gesoek het.

Toe die blinkmeneer een mooi dag in Fraserburg se hoofstraat afry, het die inwoners hulle aan hom vergaap. Nie een van hulle het nog ooit iemand met soveel ringe, 'n goue sakhorlosie én twee rewolwers in sy gordel gesien nie.

“Hy kom seker uit 'n baie ryk familie!” het hulle vir mekaar gefluister. Party het selfs ekstra draaie gestap om die ou skelm weer te bekijk.

Nie lank nie of William Smith het in die dorpskroeg gekuier. Soos gewoonlik het hy die mans met sy geld en die vroue met die juweliersware in sy saalsakke betower. Voor die ou blinkmeneer kon sê “goue tand” is hy na al die vooraanstaande inwoners se partytjies genooi. Daar het hy na hartelus verder gesteel en gemaak dat hy wegkom.

Maar slim vang sy baas. Uiteindelik het Worcester se polisie hom vasgetrek. Ou Blinkmeneer se dae van partytjies en grootpraat was verby. Sy spoggerige mantel en hoed moes plek maak vir 'n tronk-oorpak.

Die volgende paar jaar moes hy saam met ander misdadigers help om die Bainskloofpas te bou.

Hierdie keer was daar nie kans vir ontsnap nie. Bedags is hulle deur streng bewaarders opgepas en snags is almal aan groot ysterringe vasgeketting.

Anders as wat 'n mens sou dink, het ou Blinkmeneer egter nie sy streke laat staan nie. As hy nie sy een medegevangene se pyp gesteel het

nie, het hy die ander se tabak gegaps. Partykeer het hy sommer die kos uit hul borde gesteel terwyl hulle geëet het.

“Ons gaan jou nog kry ...” het hulle gereeld gedreig.

Dan het William net gelag en astant gevra: “Julle en wie nog?”

Een middag terwyl almal in die skaduwee van ’n groot boom rus, is William te lui om self water uit die emmer te skep wat ’n paar tree van hom af staan. Hy vat sommer die ou langs hom se beker en drink dit met een sluk leeg. Toe die man sy beker optel, is dit dolleeg.

“Jy het ook nie einde nie!” skree hy woedend en mik ’n vuishou na William. Dié laat nie op hom wag nie en slaan terug. ’n Woeste geveg breek uit. Die ander gevangenes moedig die twee mans aan. ’n Paar gaan selfs weddenskappe aan. Almal se geld is op William.

“Wat is nou weer aan die gang?” vra een van die bewaarders wat ’n entjie verder onder ’n ander boom sit.

“Seker weer Smith,” antwoord ’n ander.

Teen hierdie tyd is hulle al so gewoond aan William se streke dat hulle nie eens gaan kyk wat aangaan nie.

Toe dit uiteindelik stil word, bly William in die stof lê.

Ou Blinkmeneer se streke is vir altyd verby.

Vandag is daar net ’n paar naamlose grafte en ’n geroeste ring oor waaraan die gevangenes destyds vasgemaak is. En soms op ’n helder maanligaand galop ’n flambojante ruiters deur die pas. Sy blou mantel wapper in die wind. As jy naby genoeg is, kan jy die juwele in sy saalsakke hoor klinkel.

Dis ou Blinkmeneer. Hy kom altyd weer!

Het jy geweet?

Handskoene is nie altyd so onskuldig soos hulle lyk nie. 'n Amerikaanse gesin het las van 'n paar handskoene gehad wat nie deure wou uitlos nie. Toe vra hulle 'n ou tannie om liedjies in hul huis te kom sing. Hulle het gehoop die handskoene sou die hasepad kies. In plaas daarvan het die handskoene so baie van die liedjies gehou dat hulle hande geklap het!

Kan jy dit glo?

Raad vir 'n spookklap: Smeer vars room aan die plek of week 'n vadoek in melk en sit dit bo-op ... dis omdat spoke baie van melk hou.

Hie-hie!

Waar boer spoke?

Begraafplase


Die spook van Uniondale

Dis 'n koue, reënerige aand in 1978. Dawie van Jaarsveld is op Goeie Vrydag met sy motorfiets op pad van Oudtshoorn na die Langkloof. Soos gewoonlik luister hy na musiek op sy oorfone om wakker te bly. Nadat hy verdwaal het, kry hy so teen halftien se kant weer die regte pad.

Net anderkant die Barandas-afdraai sien hy 'n meisie met donker hare langs die pad staan. Sy is in haar vroeë twintigs. Haar donker baadjie en langbroek is sopnat.

Wat doen die arme mens hierdie tyd van die aand op so 'n verlate stuk pad? wonder hy.

Dawie stop langs die meisie. Sy sê iets, maar hy kan nie mooi hoor nie.



“Knik net as jy wil saamry,” sê hy.

Die meisie knik en klim agterop die motorfiets.

Dawie draai om, knip die ekstra valhelm los en sit dit vir haar op. Hy gee ook vir haar een van sy oorfone aan om saam musiek te luister.

Toe die meisie nie eintlik reageer nie, ry Dawie verder sonder om weer iets te sê.

Ongeveer 17 kilometer verder gly sy motorfiets skielik. Terwyl hy sukkel om dit weer onder beheer te kry, stamp iets liggies teen sy rug.

“Sy het seker maar aan die slaap geraak,” reken Dawie en kyk in sy truspieëltjie.

Van die meisie is daar geen teken nie.

“Goeie genugtig!” roep hy uit. “Sê nou sy het afgeval?”

Vervaard draai hy om en jaag terug. Daar is geen teken van die meisie nie. Eers toe hy stilhou, besef Dawie die ekstra valhelm is netjies op die agterste sitplek vasgemaak. Selfs die ekstra oorfoon is op sy plek.

“Nou het ek genoeg gehad,” mompel hy benoud en jaag ore in die nek Uniondale toe.

By die eerste die beste kafee bestel hy koffie om sy senuwees te probeer kalmeer.

Die kelnerin sien dadelik daar is groot fout.

“Jy het die Uniondale-spook gesien, nè?” vra sy versigtig en bied vir hom nog suiker aan.

“Ek weet nie wat ek gesien het nie,” stotter Dawie terwyl hy die koffie wegslaan en ’n tweede een bestel.

Toe vertel die kelnerin hom van Anthony le Grange wat in 1976 dieselfde ondervinding gehad het.

Hy was op ’n koue, reënerige aand in Mei van Willowmore af na Oudtshoorn toe op pad. Net anderkant die Barandas-afdraai het hy dieselfde bleek meisie met lang, donker hare en klere opgelaai.

Sy het nogal die adres gegee waar hy haar moes aflaai: “Porterstraat 2, De Lange.”

Toe hy ’n rukkie later wou weet waar dit presies is, was sy skoonveld.

Daarna het hy die arme Volkswagen Kewer flou gery om op Uniondale te kom en die polisie in kennis te stel dat hy iemand langs die pad verloor het.

“Moenie bekommerd wees nie,” het die polisieman gesê.

Dit het die arme Anthony nog meer stomgeslaan.

’n Ent verder was daar skielik ’n verskriklike gegil binne-in sy motor. Hoe harder die gegil geraak het, hoe minder kon Anthony iemand sien.

“Wat kon ek doen?” het hy agterna gesê. “Behalwe om weer terug te jaag Uniondale toe.”

Die polisieman het sy hande vol gehad om Anthony te kalmeer.

Eers nadat hy aangebied het om agter die verskrikte man aan te ry, het hy die moed bymekaargeskraap om verder te gaan.

Net ’n entjie buite Uniondale het die Volkswagen se regter-agterdeur vanself stadig oop-en weer toegegaan. Net soos wanneer iemand in ’n motor sou klim.

Hierdie keer kon die polisieman Anthony se storie bevestig.

Daar word ook vertel dat ’n meneer en mevrou Fraser in 1973 een aand omstreeks middernag op dieselfde stuk pad gestop het.

Meneer Fraser het uitgeklim om sy bene te rek. Hy was skaars uit die motor, toe staan daar ’n vrou in ’n lang wit rok langs hom. Mevrou Fraser het haar ook gesien. Die ergste was dat hulle dwarsdeur haar kon sien.

Almal het gedink daar was net een spook op dié stuk pad en skielik was daar twee. Een in ’n wit rok en een in ’n langbroek.

Nie lank nie of ’n luitenant van die lugmagbasis by Bloemspruit laat weet die meisie met die lang swart hare en die langbroek klink asof dit sy verloofde kon wees. Sy was ’n klerk in Pretoria. Hulle was op Goeie Vrydag 1968 op pad na haar ouers op Riversdal. Net ná die afdraai na

Barandas het hy beheer oor die Volkswagen Kewer verloor. Sy verloofde is op slag dood.

'n Paar jaar later vertel 'n oud-polisiekaptein van George dat die vrou in die lang wit rok 'n “ou spook” is wat reeds vanaf 1928 op die stuk pad bedrywig was. Blykbaar was sy 'n verpleegster wat daar verongeluk het.

Intussen het die spook van Uniondale beroemd geword. So beroemd dat 'n Europese popgroep 'n liedjie oor haar geskryf het en 'n Amerikaanse televisiespan 'n film oor haar wou maak.

Die sanger Anton Goosen se liedjie “Blommetjie gedenk aan my” gaan ook oor haar. En elke Paasnaweek sak nuuskieriges op die stuk pad toe met die hoop dat hulle 'n spook sal sien.

Niemand het die afgelope paar dekades iets vreemds opgemerk nie. Maar hou maar die motordeure gesluit as julle by die Barandas-afdraai verbyry.

Of dalk is dit beter om eerder met Jan Tuisbly se karretjie te ry ... met twee spoke weet 'n mens nooit wat kan gebeur nie.

Het jy geweet?

Party spoke is net so lief vir boeke soos mense. Die opsigter van 'n biblioteek het hom een aand boeglam geskrik. Toe hy die ligte wou afskakel, het hy 'n man in outydse klere tussen die rakke gewaar. Die man het 'n boek gesoek en heelyd gemompel: “Ek moet dit kry. Ek moet dit kry.” Toe die opsigter aan die figuur raak, het dit verdwyn. Al wat op die vloer bly lê het ... was 'n boek.

Kan jy dit glo?

As jy hoendervleis kry, beteken dit glo daar is 'n spook iewers in die omgewing ...

Hie-hie!

Hoekom onthou 'n spook niks wat jy sê nie?

Alles gaan by die een oor in en by die ander oor uit!

OceanofPDF.com

Spoke hou van tee!

Het jy al iets op 'n plek neergesit en as jy weer daar kom, is dit skoonveld? Veral sokkies, sambrele, kleeflint, skêre en kosblikke het mos 'n nare manier om te verdwyn. En weer net so onverwags te verskyn.

Partykeer leen jou boetie of sussie iets sonder om te vra. Partykeer is 'n mens nalatig en gooi dit sommer iewers neer. Maar het jy al daaraan gedink dat 'n spook met jou gekkeer?

Joan Webster en haar gesin het na 'n huis in Oos-Londen getrek. Dit was 'n ou dubbelverdieping met 'n yslike stoorkamer onder die huis. Joan se vriendin, Madge, het saam getrek. Wat hulle nie geweet het nie, was dat daar reeds iemand in die ou huis gewoon het ... 'n baie ondeunde spook.

Nadat die twee vroue heeldag lank uitgepak het, besluit hulle om 'n blaaskans te neem en tee te maak.

“Het jy een van die teesiffies gesien?” vra Joan.

“Nee,” sê Madge. “Ek en jy het saam net mooi vyf teesiffies. Een van hulle moet iewers wees. Almal kan nie soos mis voor die son verdwyn nie.”

Die twee soek en soek.

“Het die kinders dit nie dalk gegaps om daarmee in die sandput te speel nie?” vra Joan later moedeloos. Sy draf by die agterdeur uit sandput toe, maar die kinders weet nie waarvan Joan praat nie. Nie lank nie of Madge en Joan en al die kinders soek. Niemand kan die teesiffies opspoor nie.

“Het jy die teesiffies gesien, Daisy?” wil Joan by die huishulp weet wat in die badkamer op die boonste vloer besig is. Sy pak die vuur sodat dit onder die outydse warmwatersilinder vir die kinders se bad aangesteek kan word.

“Nee, mevrou!” roep Daisy teen die trap af.

“Is jy seker, Daisy?” wil Joan weet en stap teen die trap op. Nog voor sy in die badkamer kom, hoor sy Daisy benoud gil.

Toe Joan in die badkamer kom, sit Daisy spierwit geskrik in die een hoek. Sy wys met ’n bewerige vinger en oë soos pierings na die vyf teesiffies wat netjies bymekaar op die hout in die houtkis lê ... kompleet asof iemand hulle op ’n hople bymekaargesit het.



“A nee a!” raas Joan en roep al vier kinders badkamer toe. “Nou los julle jul nonsens en vra Daisy om verskoning omdat sy so geskrik het.”

“Dis nie ons nie,” kla die kinders op ’n streep.

“Kierankies braai uit!” waarsku Joan kwaai en jaag hulle terug tuin toe om verder te speel. Toe tel sy die vyf teesiffies op en gaan bêre dit in die kombuislaai.

'n Paar uur later toe een van die vroue weer tee wil maak, is die teesiffies weer skoonveld. Dié keer kry hulle dit in die as onder die warmwatersilinder.

En wéér word die teesiffies kombuis toe gevat en in die laai gebêre.

So gaan dit elke keer as iemand 'n teesiffie soek om tee te maak. Later soek niemand meer in die laai nie, maar stap sommer reguit badkamer toe om dit daar te gaan haal.

'n Paar weke later hoor die vroue iemand hartverskeurend huil. Eers dink hulle dis een van die kinders wat na hul ou huis verlang, maar al vier is vas aan die slaap. Uiteindelik stuur die vroue die gesin se hondjie om te gaan ondersoek instel.

Hy het skaars teen die trap opgehardloop of sy hare staan penorent. Hy weier om 'n tree verder te gee.

Toe stap die vroue versigtig teen die trap op om self te gaan kyk. Maar daar is niks.

Die oomblik toe hulle weer onder kom en hul voete van die laaste trap afhaal, hou die gehuil op. Sodra hulle weer 'n voet op die trap sit, begin die vreeslike gehuil weer. Dit klink kompleet asof dit uit die stoorkamer onder die trap kom.

Nie een van die twee het kans gesien om die donker stoorkamer te deursoek nie. Hulle het net vinnig by die deur ingeloer en dit dadelik weer toegeslaan. Oor een ding het hulle saamgestem: dat dit skielik baie koud daar binne was en dat iets beslis nie reg gevoel het nie.

Tot vandag toe weet niemand wie so hartverskeurend in die stoorkamer gehuil het en waarom al die trane was nie.

Nou wonder ek net: Het een van hulle daaraan gedink dat 'n ondeunde spook se pret ook bederf kan word? Veral as hy soveel moeite doen om teesiffies weg te steek en niemand wil meer daarna soek nie.

Elke diertjie het mos sy plesiertjie.
'n Spook seker ook?

Het jy geweet?

'n Vrou van KwaZulu-Natal het 'n teestel op 'n veiling gekoop. Sy het baie van die patroontjies op die outydse koppies gehou en dit op 'n rak in die eetkamer uitgestal. Maar die teestel het nie alleen gekom nie ... die spook van 'n ou grys vroutjie het saamgekom. Die ou dametjie het die teestel opgepas asof dit van goud gemaak was. Uiteindelik kon die vrou dit nie oor haar hart kry om dit te gebruik nie. Sy het die teestel (en die spook) verkoop!

Kan jy dit glo?

Sommige spoke kan nogal omgekrap raak as daar met hul foto's gepeuter word. 'n Familie het besluit om die foto van 'n oorlede familielid weg te bêre. Hulle het hulle boeglam geskrik toe die omgekrapte ou skielik voor hulle verskyn. Dadelik het hulle die foto weer op sy plek teruggesit. Die spook was so tevrede dat hy nooit weer verskyn het nie.

Hie-hie!

Wat het die een spook vir die ander spook gevra?
“Dink jy daar is regtig iets soos mense?”

Daar kom die spookwa

Tussen Ceres en Beaufort-Wes is 'n vlakte wat die Spokeveld genoem word. Of dit is omdat spoke van vlaktes hou, sal ek nou nie weet nie. Wat ek wel weet, is dat die vlakte reeds 300 jaar lank hierdie grillerige naam het.

Die bekendste spook van die Spokeveld is ook nie juis 'n skaam outjie nie. Hy skreeu en skel en klap glo sy sweep dat jy hom wie weet waar kan hoor. En hy is haastig. Die wa met die wit seilkap se wiele rammel en die vonke slaan onder die veertien muile se hoewe uit. Genoeg om enigiemand se hare regop te laat staan. Dan is hy nog parmantig ook. Hy pyl sommer reguit op enigiemand af. As jy nie gou genoeg uit die pad spring nie is jy bokveld toe ... of sal 'n mens sê Spokeveld toe?

Sy gunstelingtyd om mense bang te maak, is glo vroeg in die oggend as almal nog vas aan die slaap is. Lank gelede het hy so gereeld sy manewales uitgehaal dat almal die een of ander storie oor hom vertel het. Of as hulle hom nie self gesien het nie, het hulle 'n stertjie aangelas.

Deesdae hoor 'n mens maar min van die haastige spook. Gelukkig is sy verhaal meer as 100 jaar gelede deur 'n Engelsman, majoor Alfred Ellis, neergeskryf.

Majoor Ellis was nie iemand vir stories met stertjies nie. Hy het gesoek en gesoek totdat hy iemand met 'n geloofwaardige storie opgespoor het.

Dit was 'n man met die naam Lutterodt. Lutterodt en drie medereisigers was van Ceres na Beaufort-Wes op pad. Dit was 'n helder

November-aand. Die vier het rustig op 'n wa gery. Nou en dan het een van hulle 'n grappie gemaak. Verder het hulle na die sterre gekyk.

Toe een van die wiele probleme gee, het die drywer gestop. Terwyl hy probeer het om die wiel reg te maak, het die vier 'n vuurtjie aangesteek om koffie te maak.

Ná 'n lang gesukkel het hulle drie-uur die oggend weer in die pad geval. Maar dinge wou nie vlot verloop nie. As die perde nie onrustig was nie, het die wiel vreemde geluide gemaak. Uiteindelik het die perde vasgesteek en geweier om 'n tree verder te gee.

Daar is mooigepaat en gepaai. Elke keer het hulle net 'n klein entjie gevorder, dan was dit maar weer dieselfde storie.

Skielik het die mans gehoor hoe 'n wa op volle vaart aangejaag kom. Die drywer het gegil en geskreeu en sy sweep geklap. Skielik het 'n wa met 'n wit seilkap wat deur veertien muile getrek word op hulle afgepyl. Lutterodt en sy drie reisgenote het afgeduik. Die drywer het sy bes probeer om sy eie wa uit die pad te probeer kry.

“Waarheen dink jy gaan jy?” het hy briesend vir die spookdrywer geskree.

“Hel toe!” het die spookdrywer parmantig geskree voor hy op die nippertjie uitgeswaai en oor die vlakte verdwyn het.



Vandag nog vertel die mense die enigste manier om te keer dat die spookwa jou so plat soos 'n pannekoek ry, is om net so parmantig met die spookdrywer te wees as hy met jou.

Dis nou te sê as jy vinnig genoeg is.

Anders is al raad om nie snags iewers op 'n vlakte tussen Ceres en Beaufort-Wes te wees nie ...

Het jy geweet?

Party spoke weet skynbaar hoe om 'n rekenaar te gebruik. In 1984 het 'n onsigbare spook skielik op 'n rekenaar begin briewe skryf. Hy het nie hedendaagse Engels gebruik nie, maar ou Engels wat honderde jare gelede gepraat is. Nou wonder ek net waar hy rekenaarklasse gekry het

...

Hie-hie!

Wat eet spoke vir aandete?

Spookghetti

OceanofPDF.com

Die Vlieënde Hollander

Die Kaap word nie verniet die Kaap van Storms genoem nie. Sodra die eerste reënbuie in die laatherfs uitsak, weet die Kapenaars hulle kan maar die deure toemaak, die hekke grendel en die vensters digtrek. Die Swart Suidooster is op pad. Nie lank nie of die mooi blou Tafelbaai is vergete. In sy plek is 'n wilde, woeste see waarop die branders soos troppe wilde perde rondgalop. Dis tyd vir pannekoek en sop en souskluitjies. Maar ook net as jy warm en droog in jou huis is. Die arme matrose wat deur 'n storm op die oop see betrap word, moet dag en nag teen die wind veg om te keer dat hul skip vergaan.

Gelukkig lê die meeste skepe reeds voor anker in die hawe. Hul bemanning is maar te bly dat geen kaptein dit in sulke stormweer op die oop see sal waag nie. Almal behalwe kaptein Hendrik van der Decken. Hy staan op die dek van sy skip, die Vlieënde Hollander, en beduie woës. “Ek het nie tyd om te mors nie! Almal, van Nederland tot in die Ooste, weet niemand kan 'n vrag so vinnig en so dapper soos ek om die Kaap van Storms stuur nie!”

Die matrose kyk maar net na mekaar. Hulle weet 'n mens praat nie teë met 'n kaptein wat storms vir die pret en orkane vir die plesier jaag nie.

Die matrose wat dit al probeer het om teë te praat, is oorboord gesmyt om in die einste stormwater te verdwyn. Hulle weet enige skip wat met Van der Decken en die Vlieënde Hollander skoorsoek, word met bulderende kanonne en bollende seile verrinneweer.

Die woeste seekaptein het net een doel voor oë. Dit is om die kosbare vrag speserye, porselein, edelgesteentes en ivoor in 'n rekordtyd af te lewer.

Almal weet Van der Decken stuit vir niemand en niks nie.

“Ons vaar!” beveel hy sy stuurman. Op daardie oomblik hoor die matrose die gelui van die Paasfeesklokke bo die geloei van die wind.

“Kaptein,” probeer die stuurman, “dit is Paasfees. Kan ons nie maar tot môre wag nie?”


“Asseblief, Kaptein,” skraap 'n matroos ook nou moed bymekaar.

“Het ek my al ooit deur iemand laat voorskryf?” bulder Van der Decken. “As hierdie vrag nie betyds gelewer word nie, verloor ek geld. En sommer baie ook. As ek sê vaar, word daar gevaar. Nie 'n storm, Paasfees, kerkklokke of die heerser van die storms, Adamastor self, sal my keer nie!”

So gesê, so gedaan.

Nie lank nie of hy roep: “Span die seile! Lig die anker!”

Die Kapenaars kan hul oë nie glo toe die Vlieënde Hollander met bollende seile op golwe so groot soos berge by die hawe uitstorm nie. Net voordat die skip in die gietende reën verdwyn, is daar 'n harde donderslag. Vir 'n paar oomblikke skyn die hele skip met 'n bloedrooi gloed. 'n Pikswart kraai fladder uit die donker wolke voordat dit op die hoogste mas land.



“Dis ’n slegte teken,” sê ’n ou matroos wat op die kaai staan. Voordat enigiemand die ou man kan hoor, waai die stormwind sy woorde saam met die reëndruppels weg.

“Was dit die heerser van die storms, Adamastor, wat Van der Decken ’n les wou leer?” wonder Kapenaars vandag nog.

Een ding is seker.

Nie Van der Decken, die Vlieënde Hollander of enige van sy matrose is ooit weer gesien nie.

Nie aan die Kaap, in Nederland of in die Ooste nie.

Maar soos die jare verbygaan, word die stories oor Van der Decken en die Vlieënde Hollander net meer. Een storie is dat almal aan boord pokke opgedoen het en nêrens aan wal mag gegaan het nie. 'n Ander vertel dat die skip daarna van hawe tot hawe geswerf het totdat die bemanning te siek was om dit verder te beman.

Veral een storie word nie sommer maklik vergeet nie.

Dit vertel hoe almal aan boord elke sewe jaar weer lewend word. Dan verskyn die drie maste en bollende seile in 'n rooi gloed uit die mis.

Jy kan glo hoor hoe die ankerkettings ratel en 'n roeiboot se spane stadig oor die water naderplas. Op die dek staan Van der Decken in sy wapperende swart jas, pistool in die hand. En al lyk dit asof hy 'n skoot afvuur, kon niemand die knal nog ooit hoor nie. Rondom hom lê die geraamtes van sy bemanning.

Uit die roeiboot roep 'n stem: “Neem asseblief die briewe na ons familieleden in Amsterdam!”

Matrose wat die verhaal ken, weet as 'n mens jou lewe liefhet, mag jy nooit as te nimmer daardie pak briewe aanvat nie.

Die matrose wat dit wel al gedoen het, het hulle te pletter geval van die maste af, dodelik siek geword of saam met hul skip vergaan.

En net so skielik as wat die spookskip in die rooi gloed verskyn, net so skielik verdwyn dit. Daarna is die see so eenaardig kalm soos skottelgoedwater in 'n emmer.

Dit is blykbaar genoeg om enigiemand die wilde weghol te gee, behalwe dat jy nêrens heen op die wye oseaan kan hardloop nie.

So, as jy volgende Paasnaweek 'n seilskip met drie maste in 'n rooi gloed sien, moet jy weet dit is Van der Decken en sy Vlieënde Hollander. En al mag jy nie die smekende matrose se briewe aanvat om dit na hul familie in Amsterdam te pos nie, keer niks jou om vir hulle 'n briefie te skryf en dit in 'n bottel in die branders te pos nie.

Wie weet ... dalk antwoord hulle jou vinniger as wat jy dink.

Het jy geweet?

Die Vlieënde Hollander is nie net hier by ons nie, maar ook oorsee bekend. 'n Beroemde Duitse komponis, Richard Wagner, het selfs 'n opera daaroor geskryf. Daarin kom die kaptein elke sewe jaar land toe om tevergeefs 'n vrou te probeer soek. Koning George V van Engeland was een van die mense wat glo die Vlieënde Hollander gesien het. Dit het meer as 130 jaar gelede gebeur terwyl hy 'n matroos op 'n skip in die Suid-Atlantiese Oseaan was.

Hie-hie!

Hoekom het die bleskop na die riller gaan kyk?

Hy het nie 'n bang haar op sy kop gehad nie.

St. Mary se gawe orrelspook

In die hartjie van Port Elizabeth is die ou St. Mary-kerk. Die pragtige gebou is amper 120 jaar gelede ingewy nadat die oorspronklike kerk afgebrand het. Die vorige gebou is gebou in die dae toe die stad se hoofstraat net 'n stofpaadjie was.

St. Mary was nog altyd 'n rustige plek ... behalwe dat die orrel al op die snaaksste tye vanself begin speel het. Party inwoners het dit teen middernag gehoor, ander weer teen skemertyd. Elke keer was die kerk stikdonker en die deure gesluit. Sodra die koster geroep is om ondersoek in te stel, was die orrel gesluit.



Die kerkraad het deur die jare probeer om die orrelspook te betrap, maar verniet. Elke keer as hulle hom ingewag het, het hy snuf in die neus gekry.

Daar was al 'n berig in 'n plaaslike koerant oor die orrel. Die verslaggewer het beweer dit spook glad nie. Hy het gesê die omgewing se mense is sommer net op hol oor 'n koorknapie wat skelm orrel speel.

Die inwoners van Port Elizabeth was baie omgekrap dat hul orrelspook met so 'n flou verduideliking beledig kon word. “A nee a!” het hulle gesê. “Wys ons die koorknapie wat so uitstekend in die donker kan speel én so vinnig kan ontsnap.”

Ander inwoners meen die spook is ongelukkig omdat 'n deel van die kerkgrond jare gelede verkoop is. 'n Hoë kantoorblok is op die stuk grond gebou wat die uitsig op die pragtige ou kerk heeltemal bederf het.

En dan is daar 'n klompie inwoners wat glo daar is nie een nie maar twee orrelspoke. Die een is groot en lank en die ander kort en fris. Albei is rustig en vreedzaam.

Hulle is nie net baie lief vir die kerk nie, hulle is ook vriende.

Die een is glo vader Wirgman wat van 1874 tot 1917 daar gewerk het. Die ander is blykbaar vader Mayo, wat hom ná sy dood opgevolg het. Albei is voorin die kerk begrawe.

Die twee het al in hul outydse klere by kerkdienste en troues opgedaag. Die een hou veral daarvan om van die koorbanke af tot voorin die kerk te stap. Daar staan hy en luister hoe die gemeente sing. Die ander hou weer daarvan om 'n ogie oor die koster te hou terwyl hy in die kerk werk.

Partykeer klink dit kompleet asof vader Wirgman iets vergeet het. Hy kom in, maak die deur toe en stap teen die trappies af. Dan staan hy vir 'n paar oomblikke stil, asof hy iets probeer onthou. Kort daarna draai hy om, stap weer teen die trappies op en verdwyn deur die deur.

Vir baie inwoners van Port Elizabeth maak dit nie saak of daar een of sommer 'n hele paar orrelspoke is nie. Dit maak ook nie saak of die spook 'n priester is of 'n koorknapie of iemand wat ontevrede is dat die mooi uitsig bederf is nie.

Hulle het deur die jare al lief geraak vir St. Mary se liewe orrelspook.

Hulle wonder net oor een ding. Waarom staan vader Wirgman so by die trappies en kopkrap?

Het jy geweet?

Op Riversdal is daar 'n spook wat Lamhandjie genoem word. Wat hy met daardie handjie doen, wil niemand sê nie. Maar ek het 'n voëltjie hoor fluit dat hy tog te lekker kan knyp!

Kan jy dit glo?

As jy las het van 'n spook, is dit blykbaar 'n goeie plan om deur die venster of skoorsteen in en uit te klim. Dit sal die spook glo so deurmekaar maak dat hy sukkel om weer die deur te kry!

Hie-hie!

Hoekom is dit goed om 'n spook in jou span te hê?

Dis goed vir die spangees!

Jan Prinsloo leer sy les

Lank gelede ry 'n jong boer die eensame Baviaanskloof te perd binne. Sy naam is Stephen Goodrick. Kort op sy hakke volg die wa met sy vrou en kinders. 'n Entjie verder volg 'n paar handlangers wat 'n trop skape en beeste aanjaag. Heel agter volg nog 'n paar waens met meubels en gereedskap.

Stephen en sy gesin is opgewonde om hier in die kloof 'n nuwe begin te maak. Hy sien veral daarna uit om die verwaarloosde stuk grond weer 'n spogplaas te maak. Hy kan skaars glo dat hy dit teen so 'n lae prys kon opraap. Die vorige eienaar kon glo nie vinnig genoeg hier wegkom nie. En dít oor 'n spookstorie.

Nadat alles afgepak is, raak almal sommer gou aan die slaap. Nie lank nie of hulle skrik wakker van 'n vreeslike lawaai in die perdestalle. Stephen storm uit om te sien wat aangaan. Hy hardloop die handlanger wat al jare op die plaas bly amper onderstebo.

“Wat gaan nou aan, Cupido?” wil Stephen weet.

“Ek sal nou nie weet nie,” mompel Cupido en maak dat hy wegkom.

Stephen krap behoorlik kop. Dis nie net hy wat die geraas in die perdestalle hoor nie. Die perde is ook onrustig. Al probleem is dat Stephen niks kan sien nie.

'n Paar dae later gebeur presies dieselfde.

“Tot ek weet wat aangaan, slaap die perde in die kraal,” besluit Stephen.

Kort daarna bly hy een helder maanligaand wakker. Stephen kan sy oë nie glo nie. Die geraas in die leë stalle het skaars begin of 'n

mansfiguur met outydse klere en 'n breërandhoed verskyn in die staldeur. Hy staan daar asof die plaas aan hom behoort. Ná 'n rukkie sweef hy teen die heuweltjie agter die huis uit. Stephen vuur 'n skoot in die rigting van die figuur af, maar hy sweef rustig verder asof niks gebeur het nie.

'n Paar weke later, op die 15de Januarie, kom vra Cupido skielik of hy die aand by Stephen en sy gesin in die huis kan slaap. Stephen stem in. *Dalk is die ou maar net bang vir die donderweer wat al heeldag rammel*, dink hy.

“Dis Jan Prinsloo se nag,” is al wat Cupido sê. “Elke jaar op hierdie nag maak hy nie net moleste in die perdestalle nie, maar ook op die werf.” Verder wil Cupido niks sê nie.

“Dan sal dié Jan Prinsloo maar 'n les geleer moet word!” sê Stephen vies.

Toe die lawaai later daardie nag weer losbars, stap die jong boer vasberade die donker in.

Stephen se vrou en Cupido is te bang om alleen in die huis agter te bly en draf agterna. Gelukkig slaap die kinders deur die hele lawaai.

Die storm het bedaar en die maan skyn deur die wolke. In die hoek van die kraal kan Stephen die perde almal bymekaar sien staan. Nie ver van hulle af nie is die figuur met die outydse klere en hoed. Hy en ses ander spoke baklei dat die stof staan. Die spul is so kwaad vir mekaar dat hulle nie eens vir Stephen opmerk nie.



Skielik is dit so stil dat Stephen sy eie hart kan hoor klop. Van die bakleierige spoke is daar geen teken nie. Nog minder van die baasspelerige ou met die hoed en die outydse klere.

Die volgende oggend blaker Cupido alles uit. “Ek is jammer dat ek Meneer nie vroeër gewaarsku het nie,” sê die ou man. “Die vorige eienaar was ’n baie kwaai man. Hy het my laat belowe dat ek sal stilbly. Maar Meneer-hulle is so goed vir my dat ek nie langer met ’n leuen kan saamleef nie.”

Toe vertel Cupido dat hy op die plaas gebore is. Sy pa het vir die einste Jan Prinsloo gewerk wat die vorige nag met ses ander spoke in die kraal baklei het. “Prinsloo was ’n skurk wat vir niemand behalwe homself omgee het nie. Uiteindelik het sy streke hom ingehaal. Hy het gevlug en hier in die Baviaanskloof kom boer. Op hierdie verlate plek sou niemand hom kry nie.

“Ook hier het dinge verkeerd geloop. Op ’n dag gaan kuier van sy werkers by familie sonder om toestemming te vra. Toe hulle terugkom, is Jan so kwaad dat hy hulle met sy olifantgeweer dreig. Daardie nag besluit die plaaswerkers om die nare man eens en vir altyd ’n les te leer. Dis toe dat hulle hom in die kraal voorkeer en goed karnuffel.

“So goed,” lag Cupido, “dat hulle nou nog een keer per jaar terugkeer. Net om seker te maak Jan Prinsloo haal nie weer sy streke uit nie!”

“Maar hoekom is daar altyd so ’n vreeslike lawaai in die stalle?” wil Stephen weet.

“Jan Prinsloo was dol oor sy perde. Hy kan dit seker nie verduur om sonder hulle te wees nie.”

Hoe lank Stephen en sy gesin op die plaas geboer het, weet niemand nie. Ook nie wat van die getroue Cupido geword het nie. En as jy wil weet of Jan Prinsloo nog steeds baas op sy destydse plaas wil speel, moet jy maar self gaan kyk. Dis nou as jy kans sien vir ’n klomp bakleierige spoke ...

Het jy geweet?

Spoke is glo nie net wit nie. Jy kry ook swartes, rooies en bloues. Wit spoke is die gaafste omdat hulle nog nie so lank spook nie. Swart, rooi en blou spoke is minder gaaf omdat hulle al lank spook en niemand kry om hulle te help nie.

Hie-hie!

'n Spook besluit om die nuwe intrekker bang te maak. Daardie nag sluip hy tot voor die man se bed. “Weet jy dat ek al 500 jaar lank in hierdie huis bly?” sê hy astring.

“Gaaf,” sê die man. “Dan is jy net die regte persoon om vir my te wys waar die toilet is.”

Neels en die treinspook

(met erkenning aan C.J. Langenhoven)

Baie jare gelede het min mense motors gehad. Almal het maar trein gery as hulle iewers heen wou gaan. Neels Langenhoven was een van hulle.

Nadat hy 'n ruk lank in Kaapstad gewerk het, was hy op pad terug Oudtshoorn toe. Neels kon nie wag om terug te wees by sy huis met die groot stoep en die baie roosbome nie. Daar was net een probleem. Die trein was vol.

“Daar is net een kompartement oor, Meneer,” sê die jong man in die kaartjieskantoor. “En ek dink nie u wil in daardie kompartement reis nie.”

“Hoekom nie?” wil Neels weet.

“Dit spook daar nadat 'n moord in die kompartement gepleeg is,” fluister die man. “Boonop het drie passasiers wat agterna in daardie kompartement gereis het, hulself morsdood geskrik.”

“My wêreld, seun! Hoekom het jy nie al lankal so gesê nie!” lag Neels. “Ek is mal oor spoke.”

“Dis nie 'n grap nie, Meneer,” soebat die man. “Al is die moordenaar lankal gevang en opgehang, wil ek nie hê u moet die vierde passasier wees wat hom morsdood skrik nie.”

“Daar's niks om jou oor te bekommer nie,” verseker Neels hom. “Ek is 'n spookkenner. Noem my sommer 'n spookwetenskaplike. Ek bestudeer die gedaantes al my hele lewe lank!”

So betaal Neels vir sy treinkaartjie in die spookkompartement van die trein Oudtshoorn toe. Terwyl hy betaal, gee hy een lang gaap ná die

ander.

“Ek het gisternag byna niks geslaap nie,” sê hy terwyl hy vir sy kleingeld wag. “Ek het met my grammofoonplaat op en af deur die hele Kaap in ’n taxi gery, op soek na ’n buurt waar die hoenders nog kraai, om ’n opname te maak. Een van die dae het al die hoenders uitgesterf en weet niemand meer hoe die arme goed geklink het nie. Ek het alles net hier in hierdie grammofoonboks,” sê hy en tik op die houtkissie onder sy arm. “Hulle sê nie verniet die laaste spook gee met eerste hanekraai pad nie!”

“En wanneer is eerste hanekraai dan?” vra die man.

“Gewoonlik so van eenuur se kant af. Maar nou kan ek hulle mos laat kraai net wanneer ek wil,” glimlag Neels met ’n vonkel in die oog.

Nie lank nie of Neels is op pad na sy kompartement. Teen hierdie tyd weet die res van die passasiers dat iemand dapper genoeg is om in die spookkompartement te slaap.

Neels steur hom aan niks nie. Hy maak sy bed op en trek sy pajamas aan. Daarna wen hy op sy tyd die grammofoon met die hoendergeluide op sodat hy dit net kan aanskakel as dit nodig is.

Kort voor lank is hy in droomland.

Ná ’n goeie slapie skrik Neels wakker. Op die slaapbank oorkant hom lê iemand vas aan die slaap. Neels se tas en kosmandjie wat hy gisteraand op die leë slaapbank neergesit het, staan nog steeds daar. Al verskil is dit staan dwarsdeur die persoon wat daar lê ... die mandjie deur die persoon se bors en die tas deur sy bene.

Om alles te kroon is dieselfde op Neels se slaapbank aan die gang. Al verskil is dat Neels dwarsdeur die tas, kosmandjie, leersak en bos sleutels lê wat die vreemdeling op Neels se slaapbank neergesit het.

Neels weet hier is iets aan die gang. Hy wag en wag, maar verder gebeur daar niks.

Later is hy so verveeld dat hy sy pyp aansteek. Nie lank nie of die figuur op die oorkantste bank begin nies van die rook.

“Sjies, geen mensj kan asjem kry nie!” raas ’n ouerige vrou terwyl sy regop kom. Die vrou het ’n lang, outydse nagrok aan, daar is groen krullers in haar hare, en haar valstande is in ’n glasie langs die slaapbank. Geen wonder sy praat so snaaks nie.

“Juffrou,” sê Neels, “dis ek wat ontsteld moet wees. Ek was eerste hier en my kaartjie is betaal. Jy is niks anders as ’n spook wat verniet saamry nie!”

“Assjeblyf, Meneer,” sê die spook in ’n baie vriendeliker stem, toe sy agterkom Neels skrik nie. “Verlaat die kompartement vir net ’n halfuurtjie. Ek moet wag om vermoor te word. Sjodra Meneer my benoud hoor sjkree, kan Meneer weer inkom en dan rusjtig verder sjlaap. Niemand sjal jou pla nie. Ek belowe!”

“Nee, Juffrou,” sê Neels. “Ek is nie die soort man wat ’n dame in gevaar in die steek laat nie. Ek wag net hier by jou.”

“Maar versjtaan Meneer dan nie?” soebat die spook. “Ek móét vermoor word!”

Neels sien sy wil histeries raak. En toe word hý bang.

Nie omdat sy ’n spook is nie, maar omdat hy nog altyd vir histeriese vrouens bang was. Veral histeriese vrouens sonder hul valstande.

“Jammer, Juffrou,” sê hy. “Jy en jou kollega sal maar vannag vir julle ’n ander plek moet kry om jul drama op te voer.”

Toe skakel hy die grammofoon aan en tien hoenderhane bars los met ’n gekraai wat klink asof die trein kan ontplof.

Toe Neels sy oë uitvee, is die spook met al haar bagasie en haar glasier valstande weg. Hy is so in sy skik dat hy met homself sou kon hand skud as dit moontlik was.

Voor hy nog kan probeer, hamer die kondukteur aan die deur.

“Wat is hier aan die gang?” wil hy kwaai weet. “Vyf dames het flou geval en twee mans het van pure skrik van die trein afgespring! Wat het jy met die spoke gemaak dat hulle so geskree het?”

Nog voor Neels kan antwoord, verskyn ’n man in ’n groen jas tussen hulle. Sy gesig is met ’n rooi doek toegebind sodat net sy donker baard uitsteek. In sy hand is ’n lang mes. Neels weet sommer dis ’n spook toe hy die kondukteur dwarsdeur die figuur in die groen jas kan sien. Die kondukteur hardloop so vinnig weg dat Neels wonder of hy ooit daar was.



Oomblikke later stoom die trein teen amper tweehonderd kilometer per uur deur die nag. “Dink die masjinis hy kan onder die spook uitjaag?” brom Neels.

Toe is dit net hy en die spook.

Die spook maak of hy Neels glad nie sien nie en stap tot by die slaapbank waar sy kollega met die groen krullers gelê het.

“My wêreld!” sê hy. “Wat het van haar geword?”

Dis tóé dat hy vir Neels raaksien.

“Jou ditse, datse daai!” vloek hy dat Neels dink die see sal hom nie weer skoon was nie. “Wat het jy met haar gemaak?”

Neels wil sy grammofoon aanskakel om ook van hierdie spook ontslae te raak, maar besef dit moet eers weer opgewen word.

“Haal daardie doek van jou smoel af,” sê Neels vir die spook. “Jy is in elk geval klaar gevang en opgehang. En buitendien praat ek nie met ’n mombakkies nie.”

“Hier het al drie ouens wat my gepla het van skrik bly lê en jy gaan die vierde een wees,” waarsku die spook. “Wil jy hulle sien?”

Op daardie oomblik verskyn nog drie spoke in die kompartement. Net daar kry Neels ’n blink plan.

“Kêrels,” sê hy. “Hierdie skurk het nie net ’n vrou in hierdie kompartement vermoor nie – hy kom nag vir nag terug om dieselfde misdaad te herhaal. Boonop is dit sy skuld dat julle julle doodgeskrik het. Gryp hom! Dis drie teen een!”

“Hoekom het jy nie lankal gekom nie?” wil die drie soos een man weet.

Toe gryp hulle die skurk dat jy net vonke sien spat. Terwyl die vier roei en stoei, kry Neels kans om sy grammofoon op te wen.

Hy kan nie mooi sien of die vier mekaar regtig seermaak nie, want die vuiste trek sommer dwarsdeur die lywe. Al wat hy weet, is dat hy bly is hy hoef nie teen een van hulle te baklei nie.

Intussen jaag die trein by Swellendam, Heidelberg en Riversdal verby, maar die spul hou nie op nie.

Later is Neels siek en sat vir die bakleiery. “En julle vier kan ook nou maar gaan rus,” sê hy. “Pasop as ek een van julle ooit weer hier kry!” waarsku hy kwaai en skakel die grammofoon aan.

Dit was die laaste sien van die blikkantien.

Maar nie op die plase langs die treinspoor op pad Oudtshoorn toe nie. Daar het die hane na hartelus “koekeroekoekoe-e-e!” gekraai so ver as wat die trein gery het.

Net hier en daar het ’n Engelse haan “cock-a-doodle-doo-oo-oo!” tussenin gekraai.

Het jy geweet?

Die weduwee van die man wat die Winchester-geweer ontwerp het, het baie sleg gevoel oor al die mense wat as gevolg van die uitvinding dood is. Toe laat sy ’n huis vir hawelose spoke bou. Dit was nie sommer so ’n huis nie. Die huis het 13 stelle trappe, 13 badkamers en 13 ligte in elke vertrek gehad. Elke kamer het ook 13 slotte en 13 klokkies gehad om ’n bediende te ontbied. Toe sy die dag sterf, het die spoke die huis geërf!

Kan jy dit glo?

’n Mens kan glo sommige spoke ruik. Party ruik na laventel, gemmer of kaneel. Alle spoke ruik ongelukkig nie lekker nie. Ander ruik na swael of muf. Party stink so dat ’n mens hulle ruik nog lank voordat jy hulle sien.

Hie-hie!

Hoekom is dit veiliger om in ’n rondawel te slaap?

Die spoke kan jou nie in die hoeke vaskeer nie!

Bronne

Boeke:

- Beasant, Pam. 1989. *Ghosts and the supernatural*. Londen: William Collins Sons & Co Ltd.
- Boo. 2006. Londen: Kingfisher Publications.
- Donkin, Andrew. 2000. *Spooky Spinechillers*. Londen: Dorling Kindersley Readers.
- Grobbelaar, P.W., Hudson, C.W., van der Merwe, H. 1977. *Boerewysheid*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hall, Sian. 2011. *Dit spook daar – Geeste en spoke van Suider-Afrika*. Paarl: Ampersand Press.
- Heale, Jay. 1995. *Suid-Afrikaanse mites en legendes*. Kaapstad: Struik Uitgewers (Edms.) Bpk.
- Langenhoven, C.J. 2000. *Die beste spookstories*. Kaapstad: Tafelberg.
- Locke, Ian. 1998. *Fact Attack – Gruesome Ghosts*. Londen: Macmillan Children's Books.
- Marsh, Rob. 2003. *Suid-Afrika, raar maar waar*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Pellowski, Michael J. 2002. *Monster Jokes*. New York: Sterling Publishing Co., Inc.
- Preece, Phil. 1999. *Unsolved Mysteries*. Oxford: Ginn and Company.
- *The Cape Odyssey* – No. 97, Volume 12, Issue 3, May/June 2012.

- Williamson, Margaret. 1993. *Haunted corners – South Africa's own ghost stories*. Parklands: AD Donker (Pty) Ltd.
- Wilson, Ben. 1989. *Sea mysteries*. East Sussex: Wayland Publishers Limited.

Webtuistes:

- www.examiner.com/article/top-10-ghost-jokes-for-kids
- www.grandparent.about.com/od/.../a/Ghost-Jokes-For-Kids.htm
- www.innocentenglish.com/funny-ghost-jokes-for-kids-funny-jokes-about-ghosts-for-children-and-school.html

OceanofPDF.com

Vir die kaalvoetvrou wat altyd op die kaai staan © Publikasie: LAPA
Uitgewers (Edms.) Bpk.

Bosmanstraat 380, Pretoria

Tel. (012) 401 0700

E-pos: lapa@lapa.co.za

© Teks: Wendy Maartens 2014

© Illustrasies: David Griessel 2014

eBoek geskep deur Full Circle www.fullcircle.co.za

ISBN 978 0 7993 6705 8 (Gedrukte boek) ISBN 978 0 7993 7059 1 (ePub) ISBN 978
0 7993 7079 9 (Mobi) © Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op
enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die
kopiereghouers nie.

OceanofPDF.com